# 23 April 2024 - Lesing 295 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Beliggaamde ligwesens op aarde - Aktiwiteite van die **teenstander onder ‘n dekmantel –** 6/7/62

**NO: 8207** Ook die ligwesens wat hulleself in die laaste tyd voor die einde op aarde beliggaam, is slegs volgens My wil werksaam, sodra hulle in ‘n innige verbinding met My hulle aardse lewe lei en daar dus van hulle kant af **geen weerstand teen My aanwesig is nie**, dit wil sê, dat hulle hulleself bewustelik onder My wil stel, waartoe egter ‘n verbinding met My vereis word wat hulle **in vrye wil** tot stand moet bring.

Daar is dus geen ligwese op die aarde as mens beliggaam ten behoewe van ‘n sending, wat tot hierdie missie deur My gedwing word nie, **maar die liefde in hom moet die rede wees** om homself geheel en al aan My oor te gee en dan sal hy hierdie missie ook waarlik binne My wil uitvoer.

En julle mense mag gerus glo dat dit dan ook besig is om so te gebeur, dat dit julle tot seën sal strek, maar **steeds as ‘n mens wat sy afkoms nie ken nie**. Want hierdie kennis sou **geen seën** oplewer, nóg vir die ligwese as mens, nóg vir die mensdom wat hy te hulp wil kom nie.

Hulle staan wel in die nouste kontak met My en **vervul hulle aardse opdrag met vreugde en oorgawe.** Maar hierdie wesens wat My nou op aarde help, is nie soos robotte wat van My moet getuig nie. Nee, in geheel vrye wil sal so 'n mens, die beliggaamde ligwese, **My Gees in homself laat werk.**

Hy sal die waarheid verkondig omdat sy geesvonk self verbind is met die VADERGEES van EWIGHEID en hy nou dus in My opdrag spreek, dit wil sê, die medemens op hoogte bring van **die geestelike Woord wat hy voortdurend van My ontvang**.

Maar laat julle nie mislei deur **valse profete** nie, want My teenstander sal homself ook uitgee as verteenwoordiger van Christus/Messias om die mense op ‘n dwaalspoor te bring, - **in die besonder gedurende die tyd van die einde.**

Hy sal homself agter ‘n **dekmantel** verberg en ook nie daarvoor terugdeins **om goddelike woorde te gebruik wat hy ken en op sy manier probeer uitlê nie**. Laat julle nie mislei deur valse christusse en profete nie, want My teenstander soek vir homself ‘n dekmantel om toegang te verkry tot die mense **wat aan My behoort en ernstig na My streef.**

En hy het daarmee dikwels groot sukses en **bedien homself dikwels van My Naam**, omdat die wil van die mens hom dit self toestaan. **<u>Die liggelowige spiritisties aangelegde mens</u>** neem alles vir waarheid aan wat My teenstander aan hom, as sogenaamd van My, vertel.

Julle moet dus ‘n **onderskeid maak tussen die werke van die gees in die mens** en wat mens spiritisties ontvang, waarby die eie wil uitgeskakel word en die aktiwiteit van My teenstander daardeur moontlikhede gebied word, wat hy ook waarlik goed kan gebruik.

Wie egter reeds die lig van insig in homself ontsteek het, die sal ook **sy skandelike doen en late deursien en homself nie laat mislei nie**.

Want wie begeer om in die waarheid te lewe, sal Ek ook die waarheid laat toekom en Ek gee hom ook die bekwaamheid **om My tot die aarde gestuurde Woord te beoordeel en as van My uitgaande te herken**.

Hy sal aan My teenstander geen geloof skenk nie, al gaan hy hoe listig te werk om die mensdom te mislei. Want die denke van die mens word goed gelei en daar word aan hom opheldering gegee, **sodra hy maar opreg na die waarheid verlang.** Amein.